19.5 RAPPORT 4: DEPUTATE CHRISTELIKE ONDERWYS – KURRIKULUMONTWIKKELING 2012-2015 (Art 140)

A. Dr DJ de Kock lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

In die Handelinge van Sinode 2012:228-229, is geen opdrag vervat hieromtrent nie.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis neem

2.1 *Enkele algemene tendense*

Hoewel van owerheidsweë verskeie stappe onderneem is om die omvangryke gebreke op die gebied van veral primêre en sekondêre onderwys aan te spreek, het nie veel verander nie.

Die beleid van uitkomsgebaseerde onderwys van die Nasionale Departement van Onderwys is laat vaar en in die plek daarvan speel inhoud en voorgeskrewe temas in die kurrikulum weer ‘n belangrike rol. Dit het die nadeel dat onderwysers se bewegingsvryheid binne die voorgeskrewe kurrikulum verder verminder. Dit laat egter steeds heelwat ruimte om onderwys vanuit reformatoriese perspektief aan te bied.

2.1.1 Die nuwe kurrikulum het onder meer tot gevolg gehad dat Arso/Aros, wat in die afgelope dekade baie gedoen het om skoolboeke met ‘n reformatoriese inhoud te ontwikkel, daarop kon voortbou. Heelwat werk moes gedoen word om die inhoud van skoolhandboeke beide reformatories en binne die wetlike voorskrifte te hou.

2.1.2 Daar is egter nog steeds talle openbare en private skole met ruimte om die Bybel te laat hoor. Dikwels wil skoolhoofde of onderwysers dit wel bevorder en in heelwat gevalle word dit ook met groot welslae gedoen. Maar uit talle besoeke blyk duidelik dat hierdie skole en personeel toerusting benodig en natuurlik geen leiding (of handleidings) van owerheidsweë in hierdie verband kry nie. Die ideaal sou wees om alle Christen onderwysers wat in openbare skole werksaam is, in ‘n vereniging saam te trek waar hulle op ‘n effektiewe wyse ondersteun kan word spesifiek wat die samestelling van ‘n Christelike kurrikulum betref.

2.2 *Bemoedigende werksaamhede*

Die Bybel leer ons om die dag van die klein dinge nie te verag nie (Sagaria 4:10, Haggai 2:3). Daarom is die Deputate dankbaar om op die volgende te kan wys:

2.2.1 Die ontwikkeling van Gereformeerde skoolboeke (tans in totaal reeds meer as 130) byna die hele laerskool-kurrikulum dek. Wat die hoërskool betref is enkele vakke soos Bybelkunde en Lewensoriëntering reeds afgehandel en is planne in plek om ook die ander vakgebiede aan te spreek. ‘n Aantal van die boeke is reeds in Engels beskikbaar. Die ontwikkeling van hierdie kurrikulum en skoolboeke is effe vertraag omdat die kurrikulum van owerheidsweë verander is, maar Aros werk hard daaraan om ook met die uitrol van ‘n Gereformeerde hoërskool-kurrikulum voort te gaan.

2.2.2 Al hierdie skoolboeke is as harde kopieë by Aros se boekwinkel, Boekenhout-Folmer, beskikbaar en kan ook gratis van die webtuiste Christelike Media afgelaai word, en word onder andere deur tuisskolers en onderwysers in openbare skole gebruik.

2.2.3 Buiten al die skoolhandboeke, is verskillende kursusse vir kinders, ouers en onderwysers ontwikkel. Hier kan ons die volgende noem:

2.2.3.1 CNO-kursus: *Boustene vir Christelik normatiewe skoolonderwys* (ook in Engels as *Building blocks for Christian normative education*) is ‘n kursus wat deur meer as 1000 onderwysers landswyd deurloop is. Talle openbare skole, soos Hoërskool Diamantveld in Kimberley, het hulle personeel in geheel ingeskryf om die kursus te deurloop.

2.2.3.2 *Studeer sonder sukkel*, ‘n kursus om kinders te leer om te studeer (ook in Engels as *Sam’s study success*) is deur letterlik duisende leerlinge landswyd deurloop. Skole soos Afrikaans Hoër, Elarduspark, Swartkop, HS Ermelo en Eduplex het almal Aros versoek om die kursus by hulle te kom aanbied.

2.2.3.3 *In U Hande*, multimedia Bybelhandleiding vir graad 0-7 (DVD, werkboeke en handleidings) word reeds deur talle skole (ook openbare skole) gebruik vir die aanbieding van Bybelonderrig op skool. Aros is dankbaar dat enkele openbare skole wat reeds Bybelonderrig as skoolvak uitfaseer het die vak nou weer geïmplementeer het.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.3.3 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

*Aanbevelings***:**

3.1 Na aanleiding van die noodsaak om oor Christelike onderwys in Suid-Afrika te besin, word die Deputate versoek om ‘n kongres saam met ander belanghebbende organisasies en kerke soos die NG, NH en AP-kerke te reël. So ‘n kongres kan oor die stand van sake ten opsigte van Christelike onderwys in die breë, besin.

3.2 Die Sinode word gevra om voort te gaan met die besluit dat gemeentes versoek word om te kollekteer,sodat ARSO kan voortgaan met die ontwikkeling van ‘n Christelike kurrikulum vir gebruik in openbare en private skole.

3.3 Kerkrade word versoek om in die lig van onder meer KO, art 21 en HK, Sondag 38 aandag aan die onderwys (in besonder die kurrikulum wat verbondskinders volg) te gee.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 goedgekeur.